**SENWES BEPERK**
**(Registrasienommer 1997/005336/06)**
**(hierin later na verwys as “Senwes”)**

**WINSOPDATERING: BEVREDIGENDE PRESTASIE VIR DIE SES MAANDE PERIODE GEËINDIG 31 OKTOBER 2023**

Aandeelhouers van Senwes Beperk word hiermee in kennis gestel dat daar ’n redelike mate van sekerheid bestaan dat die genormaliseerde wesensverdienste vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2023 (“interim periode”) wesenlik hoër sal wees en word voorsien dat dit meer as 12% (twaalf persent) hoër sal wees as dié van die vorige vergelykbare periode.

Gedurende die interim periode het die resultate verhoog weens hoër volumes verkope in die marktoegang- en insetkanaalsegmente, meer spesifiek in die Senwes Equipment besigheid. Die hoër resultate is voorts geskoei op die positiewe kontantvloeiposisies van die Senwes-kliëntebasis, wat onder andere aanleiding gegee het tot verhoogde verkope in die algemeen.

Indien die verwagte wesensverdienste verander sal ’n verdere aankondiging gemaak word. Senwes sal sy ses maande finansiële resultate vir 31 Oktober 2023 ongeveer of op 8 Desember 2023 publiseer.

In opdrag van die Raad van Direkteure.

***EM Joynt (Mev)***
***GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS***
***Tel nr. (018) 464 7104***
***Klerksdorp***
***18 Oktober 2023***

***Directors* / Direkteure**
JDM Minnaar (*Chairman*/Voorsitter), SF Booysen (*Vice-Chairman*/Ondervoorsitter), F Strydom (*Group Chief Executive*/Groep Hoof Uitvoerende Beampte)*,
CR Klingenberg (*Group Chief Financial* Officer/Groep Hoof Finansiële Beampte)*, VJ Klein, NDP Liebenberg, GL Malherbe,
JJ Minnaar, JPN Stander, WH van Zyl, JJ Viljoen, AG Waller
Group Company Secretary & Chief Legal Counsel / Groep Maatskappysekretaris & Hoof Regsadviseur: EM Joynt
* (Uitvoerend/*Executive*)

Tel no: +27 18 464 7800, Tolvry / *Toll Free:* 080 941 4011, E-pos / *E-mail*: info@senwes.co.za
Charel de Klerkstraat 1 *Charel de Klerk Street*, Klerksdorp. Posbus / *PO Box* 31, Klerksdorp, 2570, Suid-Afrika / *South Africa*
**SENWES BEPERK / *LIMITED* Reg no : 1997 / 005336 / 06**
Goedgekeurde Finansiële Diensteverskaffer / *Authorised Financial Services Provider*
**Geregistreerde Kredietverskaffer verw. nr: NCRCP 2402 / *Registered Credit Provider ref. no: NCRCP 2402***